Rhus Keeti Avontuurkamp

25 Maart 2023 – 1 April 2023

Goeiedag Verkenner,

Het jy al ooit 'n kaart en kompas gebruik? Weet jy hoe om te soek? Weet jy waarna jy soek? Het jy al ooit gekry waarna jy soek? En indien nie, weet jy waar om te begin?

Nou nooi ek elkeen van julle hartlik uit om hierdie jaar saam met my die avontuur van die onbekende aan te pak. Die leidrade is oral om jou, so wees oplettend. Stof jou skoene af, bring jou buite-die-boks-dink vermoë en kom speel saam!

Is jy reg vir 2023 se skattejag?

As jy op hoogte wil bly en eerste leidrade vir die skattejag wil sien, gaan volg ons gerus op Istagram. Volg die skakel of skandeer die QR kode om ons te vind.

Skakel:
https://www.instagram.com/invites/contact/?i=1oz53j0o2br9c&utm_content=qm176tw

QR kode:

Nou moet jy nog net kies vir watter kursus jy wil inskryf. Rhus Keeti bied weer hierdie jaar Avontuur-Vasbyt aan. Avontuur-Vasbyt is 'n avontuursport wat bestaan uit verskillende aktiwiteite waar deelnemers deelneem in spanne. Die spanne navigeer van kontrolepunt tot kontrolepunt terwyl hulle verskillende aktiwiteite voltooi en uitdagings oorkom. Kom leer en ervaar Avontuur-Vasbyt (R1500) saam met mede-vories wat dieselfde belangstelling en liefde vir avontuur het as jy. (slegs vir graad 11 – 12).



Jy kan ook kom leer van die veld en oorlewing by Veldvernuf (R1250) of kom beoefen jou strategiese beplanning en uitvoering by Verfbal (R1700) (slegs vir Graad 8's en 9's).

Vir die kunstige en moderne Verkenner, is daar kursusse soos Fotografie (R1250) en Sterrekunde (R1350) (oop vir alle grade).



Vir die senior Verkenners (Graad 10 – 12) is daar sommer 'n klomp ekstra kursusse om van te kies. Kampbeveiliging (R1250) is een van jou opsies.



Die volgende senior kursusse vereis 'n 20% deposito om jou plek in die kursus te bevestig. Indien jy reeds jou leerling- of bestuurslisensie het kan jy jou bestuursvaardighede kom verbeter by 4x4 Veldry (R1925). Bergfiets (R1250), Gevorderde Boogskiet (R1910), Jag- & Wildbeheer (R1990) en Rotsklim (R1760) word ook weer op die kamp aangebied.

So, Verkenner, kom verbreed jou soeke en skryf aanlyn in vir die kursus van jou keuse by http://inskrywings.voortrekkers.co.za.
Inskrywings open 10 Februarie 2023 om 13:00 en sluit op 10 Maart 2023 om 14:00.

Busvervoer is beskikbaar teen R370. Die bus vertrek Saterdag, 25 Maart 2023 om 08:00 vanaf Die Voortrekker Monument en sal weer terugkeer na die Monument Saterdag, 1 April 2023.

Ek sien hartlik uit om die groot soektog saam met julle aan te pak. Sien julle een van die dae!

Voortrekkergroete,

Charl
Kampleier